

Wag op die Here

As jy wagstaan in die klein ure van die nag,
dan sleep die sekondes hulle voete,
'n minuut voel soos 'n maand,
elke uur word 'n eeu.

Maar in die duister weet die wag:
dagbreek kom!

So, Here, wag ons op U.
As die donker ons toevou
sodat alles uitsigloos raak,
dan wéét ons:
U sal weer u lig laat skyn.

Neels Jackson

Wag op die Here

As jy wagstaan in die klein ure van die nag,
dan sleep die sekondes hulle voete,
'n minuut voel soos 'n maand,
elke uur word 'n eeu.

Maar in die duister weet die wag:
dagbreek kom!

So, Here, wag ons op U.
As die donker ons toevou
sodat alles uitsigloos raak,
dan wéét ons:
U sal weer u lig laat skyn.

- Neels Jackson

Hoop

A person in a pink shirt and blue pants is climbing a large, craggy rock formation. The person is seen from behind, reaching up towards the top of the rock. The sky is clear and blue. The rock is grey and brown with some sparse vegetation.


hoop begin by 'n groot stapel klippe
behoorlike rotse
soliedes swares
struikelblokke
opgestapel in 'n bonkige berg voor jou
en dan kom die geduldige klim
die stelselmatige klouter
die uitbeur teen swaartekrag in
omdat jy weet
wéét
daar kom 'n Rots
vanwaar jy bo-oor die klippe kan kyk
om 'n nuwe toekoms te sien

- Neels Jackson

Hoop

hoop begin by 'n groot stapel klippe
behoorlike rotse
soliedes swares
struikelblokke
opgestapel in 'n bonkige berg voor jou
en dan kom die geduldige klim
die stelselmatige klouter
die uitbeur teen die swaartekrag in
omdat jy weet
wéét
daar kom 'n Rots
vanwaar jy bo-oor die klippe kan kyk
om 'n nuwe toekoms te sien

- *Neels Jackson*



Vas soos die berge

Soos Tafelberg haar arms om die Moederstad vou
so beskerm die Here dié wat op Hom vertrou.
Die trou van die Here staan vas soos die berge.
Daarom sal die kaders van korrupsie
se ratte tot stilstand knars.
Hulle dae is getel.
Here, ontferm U oor die opregtes,
en krap die konkelaars se planne deurmekaar.
Gee u vrede in hierdie land.
Nkosi sikelel' iAfrika.

- Neels Jackson

Vas soos die berge

Soos Tafelberg haar arms om die Moederstad vou
so beskerm die Here dié wat op Hom vertrou.
Die trou van die Here staan vas soos die berge.
Daarom sal die kaders van korrupsie
se ratte tot stilstand knars.
Hulle dae is getel.
Here, ontferm U oor die opregtes,
en krap die konkelaars se planne deurmekaar.
Gee u vrede in hierdie land.
Nkosi sikelel' iAfrika.

- Neels Jackson

Op wie sal ek vertrou?

Op die heuwels woon daar glo gode.
Sal ek daar gaan aanklop?
Sal ek hulp gaan soek
by hulle klipstapels
of hulle heilige boomstamme?

Nee!
Dié “verhewenes”,
dié lugspieëlings,
hulle is die kleintjies
wat op ’n heuweltop pas.

Daar is Een
wat die pieke uit ’n broeksak skud,
en die bergreekse soos stringe krale aanmekaar las.

Dit is die Een wat die maan in haar baan inrol,
wat dié son in die die leë lug ophang
en die sterre oor die swart wydtes strooi.

Dié Een dommel nooit weg nie,
stryk nooit die ooglede
soos moeë vlae nie.

Dit is op wie ek my vertrou stel.
Dié Een sal op die lang pad by my bly
en ek sal veilig wees.

Tot die einde toe.

- Neels Jackson

Op wie sal ek vertrou?

Op die heuwels woon daar glo gode.
Sal ek daar gaan aanklop?
Sal ek hulp gaan soek
by hulle klipstapels
of hulle heilige boomstamme?

Nee!
Dié verhewenes,
dié lugspieëlings,
hulle is die kleintjies
wat op ’n heuweltop pas.

Daar is Een
wat die pieke uit ’n broeksak skud,
en die bergreekse soos stringe krale aanmekaar las.

Dit is die Een wat die maan in haar baan inrol,
wat die son in die die leë lug ophang
en die sterre oor die swart wydtes strooi.

Dié Een dommel nooit weg nie,
stryk nooit die ooglede
soos moeë vlae nie.

Dit is waar ek my vertrou stel.
Dié Een sal op die lang pad by my bly
en ek sal veilig wees.

Tot die einde toe.

- Neels Jackson

Vrede

Dit begin met die geklink van swaarde wat weggepak word,
die byna geluidlose girts van pen op papier
as 'n verdrag onderteken word,
die geruis op die gruis van die stewels van 'n duisend soldate
wat huis toe gaan.

Maar dan is daar nog nie vrede nie.
Eers is sagte salf en verbande nodig
vir pynlike wonde op arms en bene, buik en borskas
dié wat gesigte vir altyd skend.
Maar ook vir die wonde van die gees.
Elke roof wat verdroog, afdop en 'n nuwe sagtheid ontbloot,
bring die vrede nader.

Dan moet die herkenning kom:
om in die gehate en vervloekte 'n mens raak te sien,
iemand wat hartseer en bly kan wees,
wat kan liefhê en treur en hoop en huil.
'n Mens na die beeld van God.

As dit gebeur, word die ondenkbare moontlik:
die uitsteek van 'n hand,
'n huiwerige voet wat dit waag oor 'n grens.
Vervreemdes wat vir mekaar begin omgee, sorg,
mekaar help om mooi te word en vrolik, en gelukkig, en heel.

Terwyl hulle sing:
Laat, Heer, u vrede deur my vloei ...

- Neels Jackson

Vrede

Dit begin met die geklink van swaarde wat weggepak word,
die byna geluidlose girts van pen op papier
as 'n verdrag onderteken word,
die geruis op die gruis van die stewels van 'n duisend soldate
wat huis toe gaan.

Maar dan is daar nog nie vrede nie.
Eers is sagte salf en verbande nodig
vir pynlike wonde op arms en bene, buik en borskas
dié wat die gesigte vir altyd skend.
Maar ook vir die wonde van die gees.
Elke roof wat verdroog, afdop en 'n nuwe sagtheid ontbloot
om die nuwe, sagte vel te ontbloot,
bring die vrede nader.

Dan moet die herkenning kom:
om in die gehate en vervloekte 'n mens raak te sien,
iemand wat hartseer en bly kan wees,
wat kan liefhê en treur en hoop en huil.
'n Mens na die beeld van God.

As dít gebeur, word die ondenkbare moontlik:
die uitsteek van 'n hand,
'n huiwerige voet wat dit waag oor 'n grens.
wat vroeër ondenkbaar was.
Vervreemdes wat vir mekaar begin omgee, sorg,
mekaar help om mooi te word en vrolik, en gelukkig, en heel.

Terwyl hulle sing:
Laat, Heer, u vrede deur my vloei ...

Verwagting



daar is iets wat stilweg gebeur
soos die hemel wat aan die oostekant verkleur
dit kom saggies dit is moeilik om te sien
maar dis daar dit is meer as net miskien
dis in elke landstreek elke dorp en elke straat
dis in elke blom en elke vrug en elke saad
dit kom soos 'n rustelose brander
wat jou omkeer en wat alles kom verander
jy hoor dit in baie ou verhale
wat vertel word in alle lande alle tale
dit kom vir die siekes en beseerdes
die verwerptes veragtes en verkeerdes
dit maak nuut dit maak beter dit maak heel
en so mooi as wat jy jou maar kan verbeel
dit waai oor die berge soos die wind
en dis onkeerbaar soos die geboorte van 'n kind
Neels Jackson

Verwagting

daar is iets wat stilweg gebeur
soos die hemel wat aan die oostekant verkleur
dit kom saggies dit is moeilik om te sien
maar dis daar dit is meer as net miskien
dis in elke landstreek elke dorp en elke straat
dis in elke blom en elke vrug en elke saad
dit kom soos 'n rustelose brander
wat jou omkeer en wat alles kom verander
jy hoor dit in baie ou verhale
dit word vertel in alle lande alle tale
dit kom vir die siekes en beseerdes
die verwerptes veragtes en verkeerdes
dit maak nuut dit maak beter dit maak heel
en so mooi as wat jy jou maar kan verbeel
dit waai oor die berge soos die wind
en dis onkeerbaar soos die geboorte van 'n kind

- Neels Jackson

Lewe in oorvloed

Hierdie is die dae van die ryp waatlemoen,
van pynappels en mango's,
dis druiwe- en aarbeiseisoen.

Die janfrederikke ryg hul liedjies aan mekaar.

Honger vir die lewe is die
babamossies aan die rittel en bewe.

Kappertjies en salies, malvas en gesiggies
vorm 'n vrolike koor van kleur
wat vertel dat die somer gebeur.

Die krismisrose blom. Bye baljaar.

Die beddings is bont, die bome is groen.

Laat dít hierdie Advent ons droom wees, Heer:

u lewe in oorvloed

waar hoop geil groei,

waar u vrede soos die lawende skaduwee
van digte lower oor ons hang.

Laat die soet vrug van u liefde bloei.

Laat u vreugde blom.

- Neels Jackson



Lewe in oorvloed

Hierdie is die dae van die ryp waatlemoen,
van pynappels en mango's,
dis druiwe- en aarbeiseisoen.

Die janfrederikke ryg hul liedjies aan mekaar.

Honger vir die lewe is die

babamossies aan die rittel en bewe.

Kappertjies en salies, malvas en gesiggies
vorm 'n vrolike koor van kleur.

Die krismisrose blom. Bye baljaar.

Die beddings is bont, die bome is groen.

Laat dít hierdie Advent ons droom wees, Heer:

u lewe in oorvloed

waar hoop geil groei,

waar u vrede soos die lawende skaduwee
van digte lower oor ons hang.

Laat die soet vrug van u liefde bloei.

Laat u vreugde blom.

- Neels Jackson